


## Die Apostel Paulus in Rome



### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

*Romeine 15:20–27, Handelingte 28:17–31, Filippense 1:12, Romeine 1:7, Efésiërs 1, Romeine 15:14.*

#### Geheeteks:

“In die eerste plek dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld” (*Rom. 1:8*).

**D**it is belangrik om die historiese agtergrond van die boek Romeine te verstaan, wanneer ons dit bestudeer. Die konteks is altyd uiters belangrik wanneer die Woord van God verstaan wil word. Ons moet weet en verstaan watter strydvrage oorspronklik aangespreek was. Paulus het aan ‘n spesifieke groep Christene op ‘n spesifieke tyd en vir ‘n spesifieke rede geskryf; hoe meer daar van die spesifieke rede geweet kan word, hoe meer sal ons by ons studie baat vind. Dus, kom ons plaas onself terug in die verlede, terug in die eerste eeu. Kom ons word lede van die gemeente in Rome en dan luister ons as eerste eeuse kerklede na Paulus en die woorde wat die Heilige Gees hom gegee het om aan die gelowiges oor te dra. En tog, wat ook al die spesifieke plek se regstreekse vraagstukke was wat Paulus aangespreek het, was die beginsels – in hierdie geval die vraagstuk oor Hoe ‘n persoon gered word? – allesomvattend. Ja, Paulus het met ‘n spesifieke groep mense gepraat; en ja, hy het ‘n spesifieke kwessie in gedagte gehad toe hy die brief geskryf het. Maar, soos ons weet, baie eeue later in ‘n totaal anderse tydperk en konteks, was die woorde wat hy geskryf het net so relevant vir Martin Luther as wat dit vir Paulus was toe hy dit die eerste keer geskryf het. En dit is net so van toepassing op ons vandag nog.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 7 Oktober.*

## Die Apostel Paulus se brief

Volgens Romeine 16:1, 2 het Paulus blykbaar die brief aan die Romeine vanaf Kenchrëe, 'n Griekse hawestad, geskryf. Deurdat Paulus na Fëbé, 'n lid van die gemeente in Kenchrëe en 'n inwoner van die groter gebied van Korinthe, verwys, kan dit met heelwat sekerheid aanvaar word dat hierdie landstreek die fisiese agtergrond vir die brief aan die Romeine gevorm het. Een van die redes hoekom die oorspronklike plek waar die Nuwe Testamentiese sendbriewe geskryf was, vasgestel moet word, is om die datum van die skrywe te bepaal. Omdat Paulus baie gereis het, help die plekbepaling op 'n gegewe tydstep om 'n aanduiding van die datum te gee toe die brief geskryf was. Paulus het die kerk te Korinte tydens sy tweede sendingreis van 49-52 n.C. tot stand gebring (*sien Hand. 18:1-18*). Tydens sy derde sendingreis, 53-58 n.C., het hy Griekeland weer besoek (*Hand. 20:2, 3*) en daar 'n offergawe vir die heiliges in Jerusalem teen die einde van sy sendingreis ontvang (*Rom. 15:25, 26*). Daarom was die Brief aan die Romeine heelwaarskynlik gedurende die eerste maande van 58 n.C. geskryf.

### **Watter ander belangrike kerke het Paulus tydens sy derde sendingreis besoek? *Hand. 18:23***

---

Toe Paulus die kerke in Galásië besoek het, het hy ontdek dat valse leraars gedurende sy afwesigheid die gemeentede oortuig het om die besnydenis toe te pas, en om ook van die ander voorskrifte van die wet van Moses na te kom. Omdat hy bang was dat sy teëstanders voor hom Rome sou bereik, het Paulus die Brief aan die Romeine geskryf om te probeer voorkom dat dieselfde probleem daar sou ontstaan. Daar word geglo dat die Brief aan die Galásiërs ook in Korinte geskryf was gedurende Paulus se drie-maande verblyf daar tydens sy derde sendingreis, heelwaarskynlik kort na sy aankoms in Korinthe. “In sy sendbrief aan die Romeine het Paulus die groot beginsels van die evangelie uiteengesit. Hy het sy standpunt bepaal oor vroeë wat die Joodse en heidense gemeentes in beroering gehad het, en het hulle daarop gewys dat die verwagtinge en beloftes wat voorheen veral aan die Jode behoort het, nou ook aan die heidene gebied word.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 295. Soos ons reeds genoem het, is dit belangrik om te weet waarom 'n Bybelboek geskryf was wanneer ons dit bestudeer; d.w.s., watter situasie dit aanspreek. Daarom is dit belangrik vir ons om te verstaan watter vraagstukke die Christengemeentes wat uit Joodse en heidense bekeerlinge bestaan het, gepla het. Volgende week se les sal hierdie vraagstukke behandel.

**Watter tipe vraagstukke ondervind jou gemeente op die oomblik? Word die gemeente meer van buite as van binne bedreig? Watter rol speel jy in hierdie debatte? Hoe dikwels het jy al jou bydrae, jou standpunt en jou gesindheid in die argument wat jy voer, bevraagteken? Waarom is hierdie tipe selfonderzoek so belangrik?**

## Paulus se begeerte om Rome te besoek

Daar is geen twyfel dat die beste kommunikasie-middel in die meeste gevalle 'n persoonlike stempel dra nie. Ons kan bel, 'n e-pos of 'n SMS stuur, selfs Skype, maar om van aangesig tot aangesig en persoonlik met iemand te kommunikeer, is nog die beste. Dit is hoekom Paulus in sy brief aangekondig het dat hy van plan was om die Romeine self te besoek. Hy wou hê hulle moes weet dat hyself sou kom, en ook hoekom hy hulle wou besoek.

**Lees Romeine 15:20–27. Watter redes gee Paulus hoekom hy nie Rome vroeër besoek het nie? Wat het hom laat besluit om op 'n gegewe oomblik te arriveer? Watter belangrike rol het die sendingopdrag in sy beplanning gespeel? Wat kan ons hier uit Paulus se woorde leer ten opsigte van uitreiking en getuienislewering? Watter interessante en belangrike kwessie oor die Joodse Christene en die bekeerlinge uit die heidendom word deur Paulus in Romeine 15:27 beklemtoon?**

---

Dié bekende sendeling wat die goeie nuus aan die heidendom moes bring, het gedurig aangespoor gevoel om die evangelie na nuwe gebiede te neem. Hy het gevoel dat die plekke waar die evangelie reeds gevestig was, liever aan die ander arbeiders oorgelaat moes word. Toe die Christendom nog jonk was en die arbeiders min, sou dit vir Paulus 'n mors van waardevolle sendeling-arbeidsvermoë gewees het om in reeds gevestigde Christengebiede te werk. Hy het gesê: “maar só, dat ek my eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig, nie waar Christus alreeds bekend was nie – om nie op die fondament van 'n ander te bou nie – maar soos geskrywe is: ‘hulle aan wie niks van Hom vertel is nie, sal dit sien; en hulle wat nie gehoor het nie, sal dit verstaan’” (*Rom. 15:20, 21*). Paulus se voorneme was om hom in Rome te vestig. Sy doelwit was om Spanje te evangeliseer. Hy het gehoop om die ondersteuning van die Christene in Rome vir hierdie onderneming te werf.

**Watter belangrike beginsel oor sendinguitreik kan ons uit die feit neem dat Paulus die hulp en ondersteuning van 'n gevestigde kerk gesoek het om 'n nuwe gebied te evangeliseer?**

---

**Lees Romeine 15:20–27 weer. Let op hoe sterk Paulus se begeerte was om te versorg en te dien. Wat motiveer jou en jou optrede? Hoeveel diens kan jy hartgrondig lewer?**

---

## Paulus in Rome

**“En nadat ons in Rome gekom het, het die hoofman oor honderd die gevangenes oorgelewer aan die bevelhebber van die leër. Maar aan Paulus is dit vergun om op sy eie te woon met die soldaat wat hom moes oppas” (Hand. 28:16). Wat sê hierdie teksvers aan ons oor hoe Paulus uiteindelik in Rome gearriveer het? Watter les kan ons hieruit leer oor die onverwagte en onwenslike dinge wat ons so dikwels oorval?**

---

Ja, Paulus het uiteindelik in Rome aangekom, selfs al was dit as ‘n gevangene. Hoe dikwels werk ons planne nie uit soos wat ons beplan of gehoop het dit sou uitwerk nie, selfs daardie planne wat ons met die beste bedoelings uitgewerk het. Paulus het Jerusalem toe gegaan aan die einde van sy derde sendingreis met die offergawe aan die armes wat hy van die gemeentes in Europa en Klein-Asië ingesamel het. Maar onverwagte gebeurtenisse het op hom gewag. Nadat hy vir twee jaar in Cesaréa gevange gehou was, het hy hom op die Keiser beroep, en drie jaar na sy arrestasie het hy in Rome aangekom, hoogs waarskynlik nie soos hy beplan het toe hy aanvanklik aan die Kerk in Rome geskryf het oor sy voorneme om hulle te besoek nie.

**Wat vertel Handeling 28:17–31 ons oor Paulus se verblyf in Rome? Wat meer belangrik is, watter les kan ons daaruit leer?**

---

---

---

“Nie deur Paulus se preke nie, maar weens sy boeie, is die aandag van die paleis op die Christelike geloof gevestig. Dit was as gevangene dat hy van so baie siele die boeie losgemaak het wat hulle aan die sonde verkneg het. En dit het ook nie daar gebly nie. Hy het verklaar dat ‘Die meeste van die broeders wat in die Here deur my boeie vertrou gekry het, dit des te meer waag om die woord onbevrees te spreek’ (Fil. 1:14).” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 365.

**Hoeveel keer het jy onverwagte teëspoed in jou lewe ondervind wat op die ou einde ten goede meegewerk het? (Sien Fil. 1:12.) Hoe kan en behoort jou geloof uit sulke ondervindings te groei om God te vertrou in die dinge wat lyk asof niks goed daaruit kan voortspruit nie?**

## Die “heiliges” in Rome

**Hier volg Paulus se begroeting aan die kerk in Rome: “aan al die geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!” (Rom. 1:7). Watter beginsels van waarheid of teologie en van geloof, kan ons uit hierdie teksvers neem?**

Geliefdes van God. Terwyl dit waar is dat God die wêreld liefhet, het God hulle wat Hom gekies het op ‘n baie spesiale manier lief, hulle wat op Sy liefde gereageer het.

Ons sien dit op menslike gebied. Ons het ‘n spesiale gevoel vir hulle wat ons liefhet; daar heers ‘n wederkerige liefderykheid tussen mekaar. Liefde eis erkenning. Wanneer daar geen reaksie op liefde is nie, word dit beperk om tot volle wasdom te kom.

Geroepe heiliges. In sommige Engelse vertalings word hierdie frase as “geroep om heiliges te wees” (“called to be saints”) aangedui. Die woorde “om te wees” (“to be”) word in kursiewe druk aangedui wat beteken dat die vertalers hierdie woorde verskaf het. Maar hierdie woorde kan weggelaat word om die ware betekenis tot sy reg te laat kom. Wanneer dit weggelaat word, lees die frase “geroepe heiliges” soos in die Ou Afrikaanse vertaling; d.w.s., “benoemde heiliges” (“designated saints”).

Heilige is die vertaling van die Griekse woord *hagioi*, wat letterlik heilig beteken: “toegewy”. ‘n Heilige is iemand wat “afgesonder” is deur God. So ‘n persoon mag miskien nog baie groei nodig hê in die proses van heiligmaking, maar die feit is dat hierdie persoon Christus as die Here gekies het en gevolglik, volgens die Bybel, ‘n heilige gemaak word.

**Paulus sê dat die Romeine “geroepe heiliges” is. Beteken dit dat sommige mense nie geroep is nie? Hoe help *Efésiërs 1:4*, *Hebreërs 2:9*, en *II Petrus 3:9* ons om te verstaan wat Paulus bedoel?**

Die groot nuus van die Evangelie is dat Christus se dood universeel was; dit was vir alle mense bedoel. Almal was geroep om in Hom verlos te word, “geroep om heiliges te wees” selfs voor die grondlegging van die wêreld af. God se oorspronklike bedoeling vir die mens was dat almal verlossing in Jesus sou vind. Die finale vuurpoel was net vir die duiwel en sy engele bedoel (*Matt. 25:41*). Deurdat sommige mense hulleself nie laat baat vind by dit wat aangebied word nie, verminder dit nie die wonder van die gawe van verlossing nie, net soos iemand wat op ‘n hongerstaking gaan nie die wonderlike versnaperinge by ‘n markplein minder smaaklik maak nie.

**Selfs voor die grondlegging van die wêreld het God jou geroep om verlossing in Hom te ondervind. Hoekom behoort niks, absoluut niks, jou te verhinder om daardie roeping te gehoorsaam nie?**

## Die gelowiges in Rome

**“In die eerste plek dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld” (Rom. 1:8).**

Dit is nie bekend hoe die gemeente in Rome tot stand gekom het nie. Die tradisie dat die kerk deur Petrus of Paulus begin was, kan nie histories bewys word nie. Miskien het leke dit tot stand gebring, of van die Pinksterdagbekeerlinge in Jerusalem (*Hand. 2*) wat Rome na Pinkster besoek het, of hulle daar gevestig het. Of miskien was dit van die bekeerlinge wat op ‘n latere stadium na Rome verhuis het, en wat vir hulle geloof getuig het in die hoofstad van die destydse wêreld. Dit is verbasend dat net binne ‘n paar dekades na die Pinksterdaggebeurtenis ‘n gemeente wat blykbaar geen besoek van enige apostels ontvang het nie, so wyd bekend geword het. “Nieteenstaande die teenstand was daar twintig jaar na die kruisdood van Christus ‘n lewendige en ywerige kerk in Rome. Hierdie kerk was vol krag en geesdrif, en die Here het deur hierdie kerk gewerk.” — Ellen G. White se kommentaar, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1067 (vrye vertaling). Die woord “geloof” sluit heelwaarskynlik hier in Romeine 1:8 die wyer begrip van getrouheid in; d.w.s., getrouheid aan die nuwe lewensweg wat hulle in Christus ontdek het.

### **Lees Romeine 15:14. Hoe beskryf Paulus die kerk in Rome?**

---

Hier noem Paulus drie deugde wat hy waardevol in die Christelike ondervindinge van die gemeentelede in Rome vind:

1. “... vol van goedheid is, ...” Kan mense dit van ons sê? Terwyl hulle saam met ons verkeer, vind hulle ‘n oorvloed van goedheid in ons wat hulle aantrek?
2. “... vervuld met alle kennis ...” Die Bybel beklemtoon herhaaldelik die belangrikheid van insig (verligting), inligting en kennis. Christene word aangespoor om die Bybel te bestudeer en om goed ingelig te wees oor wat die Skrif leer. “Die woorde, ‘Ek sal jou ook ‘n nuwe hart gee,’ verwys na, ‘die vernuwing van die verstand.’ ‘n Verandering van hart het ook ‘n duidelike oortuiging van Christelike plig tot gevolg, ‘n begrip van waarheid.” — Ellen G. White, *My Life Today*, bl. 24, (vrye vertaling).
3. “... in staat om ook mekaar te vermaan.” Niemand kan in afsondering geestelik groei of floreer nie. Ons het nodig om andere moed in te praat en om terselfdertyd deur ander bemoedig te word.

**Hoe vaar jou plaaslike gemeente? Wat is jou kerk se reputasie? Of, wat meer belangrik is, het jou gemeente enige aansien? Wat sê jou antwoord oor jou gemeente? Indien nodig, hoe kan jy help om die situasie te verbeter?**

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “The Mysteries of the Bible,” bl. 706, in *Testimonies for the Church*, vol. 5; “Verlossing vir die Jode,” bl. 372–374, in *Die Handeling van die Apostels*. Lees ook The SDA Bible Dictionary, bl. 922; en *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 467–468. “Die verlossing van die mensdom het nie voortgespruit uit ‘n Goddelike nagedagte of onvoorbereide plan wat nodig was nadat sonde onverwags ontstaan het nie. Dit was veel meer, die gevolg van ‘n Goddelike plan wat voor die grondlegging van die wêreld in plek was om die mens van sy sonde te verlos (1 Kor. 2:7; Efés. 1:3, 14; II Thess. 2:13, 14) en ingewortel in God se ewige liefde vir die mens (Jer. 31:3). “Hierdie plan sluit die ewige verlede, die historiese teenswoordige en die ewige toekoms in. Dit sluit sulke waarhede en seëninge in soos uitverkiesing en voorbeskikking om God se heilige volk te wees, om soos Christus te wees, verlossing en vergifnis, die eenwording van alle dinge in Christus, die verseëling deur die Heilige Gees, die ontvangs van die ewige erfenis, en verheerliking (Efés. 1:3–14). Die belangrikste deel van die plan is die lyding en dood van Jesus wat nie ‘n historiese toeval of die gevolg van blootweg menslike besluite was nie, maar wat diep gewortel in God se verlossingsplan was (Hand. 4:26–28). Jesus was die ware Lam, soos ‘... van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is ...’ (Openb. 13:8).” — *The Handbook of Seventh-day Adventist Theology* (Hagerstown, Md.: Review and Herald Publishing®, 2000), bl. 275–276, (vrye vertaling).

## Vrae vir bespreking:

- 1. Praat oor die betekenis van die Protestantse Hervorming in die klas. Dink veral na oor die vraag: Hoe verskillend sou ons wêreld vandag daarsonder gewees het?**
- 2. Dink goed na oor die gedagte dat ons selfs voor die grondlegging van die wêreld, beskik was om verlossing te ontvang (sien ook Titus 1:1, 2; II Tim. 1:8, 9). Hoekom behoort ons hierdie waarheid so bemoedigend te vind? Wat sê dit aan ons oor God se liefde vir alle mense? Hoekom is dit dan so tragies wanneer mense hulle rûe op dit wat so genadiglik aan hulle aangebied word, draai?**
- 3. Dink goed na oor die vraag aan die einde van Donderdag se studiegedeelte. Hoe kan jou klas help om, indien nodig, julle gemeente se aansien te verbeter?**

